# ALGEMENE INLIGTING

**INSKRYWINGS & PROGRAM**

- Dit bly die verantwoordelikheid van elke vertoner om seker te maak dat sy / haar inskrywings korrek is, dit sluit in skounommers en klasinskrywings.

- Alle inskrywings, skounommers en programme word deur die inskrywingsklerk hanteer.

- Geen klasse sal geskuif word nie.

- Alle skounommers moet aan die inskrywingsklerk terug besorg word om die nommer deposito terug te ontvang.

**AANMELDING VIR KLASSE / VERSAMELRING**

- Alle vertoners moet by die versamelring aanmeld vir inspeksie nie later as 3 minute voor aanvang van die betrokke klas. Vertoners wat die reël ignoreer sal gediskwalifiseer word. Die versamelringbeampte inspekteer vertoners en perde vir korrekte toerusting en drag en mag help om moontlike kruisinskrywings uit te ken. Die versamelringbeampte mag enige perd, maar nie noodwendig alle perde inspekteer. Vertoners het die keuse om 'n helper te voorsien om te help met inspeksie van moeilike perde. Inspeksies moet in 'n veilige area geskied en die 3 minute reel sal steeds van toepassing wees. Vertoners wat 'n brekasie ervaar in die versamelring weens 'n ongeluk of onvoorsiene oorsaak sal 5 minute toegelaat word om die brekasie te herstel terwyl die hek toe bly.

- "Bad Luck" (Versamelring) – Sodra die hek oopgemaak word en 'n vertoner ervaar 'n brekasie weens 'n ongeluk of onvoorsiene oorsaak terwyl die perde besig is om die arena te betree sal 5 minute toegelaat word vir herstel. Perde reeds in die arena sal gevra word om te ontspan en sal nie beoordeel word nie. Perde steeds in die versamelring moet in die versamelring bly indien toegang na die arena versper is. Indien toegang nie versper is nie sal dit opsioneel wees vir perde om óf in die versamelring te bly tot die probleem opgelos is óf die baan te betree en te onstpan. Perde in die baan gedurende die herstel-tyd sal nie beoordeel word nie.

- Slegs perde wat aanmeld vir die volgende klas word toegelaat in die versamelring.

- Onttrekking van 'n klas moet minstens 1 (een) uur voor die klas aangemeld word by óf die inskrywingsklerk óf die versamelringbeampte.

# GENERAL INFORMATION

**ENTRIES & PROGRAM**

- It remains the responsibility of each exhibitor to ensure that his / her entries including numbers and class entries are correct.
- All entries, show numbers and programs are being handled by the entry clerk.
- No classes will be moved.
- All show numbers must be returned to the entry clerk in order to be refunded your number deposit.

**REPORTING FOR CLASSES / COLLECTING RING**

- All exhibitors must report at the collecting ring for inspection no later than 3 minutes prior to commencement of the respective class. Exhibitors who ignore this rule will be disqualified.
  The collecting ring steward inspects all exhibitors and horses for correct equipment, dress and may help to avoid any cross-entries. The collecting ring steward may inspect any horse but not necessarily all horses. Exhibitors may use a helper to assist with inspection of difficult horses. Inspections must be conducted in a safe area and the 3 minute rule will still apply.
  Exhibitors that experience a breakage of equipment in the collecting ring due to an accident or unforeseen cause will be permitted 5 minutes to repair the breakage whilst the gate remains closed.
- "Bad Luck" (Collecting ring) – As soon as the gate has opened and an exhibitor suffers a breakage of equipment due to an accident of unforeseen cause whilst horses are entering the area 5 minutes will be allowed to repair the breakage. Horses already in the arena will be requested to relax and will not be judged. Horses in the collecting ring will remain in the collecting ring in the event that access to the arena is obstructed. Should access to the arena not be obstructed it will be optional for horses to either remain in the collecting ring or enter the arena and to relax. Horses in the arena will not be judged until the problem has been resolved and all horses have entered the arena.
- Only horses reporting for the next class will be permitted in the collecting ring.
- Withdrawal from a class must be done at least 1 (one) hour prior to the class either at the entry clerk or collecting ring steward.